www.PapaCambridge.com

# CONTENTS

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE ........................................................................ 1**
Paper 0548/01 Reading and Writing (Core) ........................................................................................ 1
Paper 0548/02 Reading and Writing (Extended)) .................................................................................. 2
Paper 0548/03 Listening (Core) ......................................................................................................... 3
Paper 0548/04 Listening (Extended) .................................................................................................. 4

# FOREWORD

This booklet contains reports written by Examiners on the work of candidates in certain papers. **Its contents are primarily for the information of the subject teachers concerned**.

www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing (Core)**

**Algemene kommentaar**

Die vraestel se standaard was soortgelyk aan verlede jaar.

**Kommentaar op spesifieke vrae**

*Afdeling 1*

**Vrae 1 tot 5**

Kandidate het hierdie vrae oor die algemeen redelik goed beantwoord.

**Vrae 6 tot 10**

Baie kandidate het hierdie vrae goed beantwoord, hoewel min **Vraag 6** se antwoord goed kon formuleer. Wanneer kandidate, soos in **Vraag 7**, gevra word om 'n enkele woord uit die teks aan te haal, moet hulle onthou om slegs een woord tussen aanhalingstekens neer te skryf.

**Vrae 11 tot 15**

Baie kandidate het met **Vraag 11**, **12** en **13** gesukkel. By **Vraag 14** was kandidate geneig om direk uit die teks neer te skryf. Verskeie kandidate het nie **Vraag 15** verstaan nie.

*Afdeling 2*

**Vrae 16 tot 19**

Kandidate het **Vraag 16**, **17** en **19** meestal goed hanteer, maar heelwat het met **Vraag 18** gesukkel.

**Vraag 20**

Kandidate het hierdie opsomming beter as in die verlede hanteer, hoewel talle gedeeltes direk uit die teks neergeskryf het. Sommige het nie by die woordbeperking van 80 woorde gehou nie en dus punte versmaai.

**Vraag 21**

Die meeste kandidate het hierdie vraag goed beantwoord.

www.PapaCambridge.com

***Afdeling 3***

**Vraag 22**

Dit was duidelik dat die meeste kandidate die opdrag verstaan het en die dagboekinskrywings kon s Verskeie het daarin geslaag om oortuigend te skryf. Sommige het slegs inskrywings vir een of twee dae plaas van vier dae geskryf.

Behalwe die algemene foute wat tweedetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate die volgende in gedagte hou:

- Begin elke inskrywing met die datum.
- Laat reëls oop tussen inskrywings.
- Moenie te lang sinne probeer skryf nie.

**Vraag 23**

Alhoewel min kandidate kon reageer op die stelling dat tieners selfone as 'n "noodsaaklike bykomstigheid" beskou, kon die meeste redelik bevredigend skryf oor die redes waarom hulle selfone as noodsaaklik beskou. Benewens algemene foute met leestekens, spelling, hoofletters, woordorde en die negatief, weet talle kandidate nie hoe om ordentlike paragrawe te skryf nie – te veel se hele skryfstuk het uit slegs een paragraaf bestaan.

**Paper 0548/02**

**Reading and Writing (Extended))**

**<u>Algemene kommentaar</u>**

Die meeste kandidate het getoon dat hulle 'n goeie beheer oor Afrikaans as Tweede Taal het en het deurgaans met oortuiging geskryf. Dit wil voorkom asof hulle die meeste van die vrae verstaan het; opdragte is met begrip voltooi. Beheer oor die woordeskat was meestal voldoende. Daar is egter steeds kandidate wat ritse Engelse woorde gebruik waar hulle nie die Afrikaans ken nie; dit is onaanvaarbaar. Direkte vertalings uit Engels kom voor (meestal idiomaties verkeerd), en moet ontmoedig word.

Die volgende taalaspekte is steeds problematies: voornaamwoorde, (verwarring ontstaan veral tussen manlike en vroulike gebruik van dieselfde woord, byvoorbeeld *sy*, woordorde (veral die plasing van die werkwoord), dubbele negatief, en funksiewisseling by verbuiging (help/hulp).

Paragrafering by die skryfstukke is deurgaans baie swak en bestaan in die meeste gevalle glad nie.

**<u>Kommentaar op spesifieke vrae</u>**

***Afdeling 1***

*Oefening 2*

**Vraag 8 en 9**

Baie kandidate lees nie die leesstuk behoorlik nie en beantwoord maklike vrae verkeerd, omdat hulle nie weer na die stuk terug gaan nie.

***Afdeling 2***

*Oefening 2*

**Vraag 21**

Baie kandidate lees nie die vraag behoorlik nie. Die opsomming moes fokus op die *uitwerking* van heroïne, nie die hele leesstuk nie. Hulle kon gevolglik nie die leesstuk bevredigend in 80 woorde opsom nie. Kandidate moet bedag gemaak word daarop, dat hulle *eers* moet selekteer en *dan* moet opsom.

www.PapaCambridge.com

***Afdeling 3***

*Oefening 3*

**Vraag 26**

Hierdie opdrag is meestal verkeerd geïnterpreteer, vermoedelik omdat die laaste twee paragrawe van die opdrag nie behoorlik gelees/verstaan is nie.

**Paper 0548/03**

**Listening (Core)**

**Algemene kommentaar**

Talle kandidate het probleme ondervind wanneer hulle die vrae in sinne of frases moes beantwoord, omdat hul beheer van Afrikaans en hul skyfvaardighede nog onvoldoende is. Hulle het egter beter gevaar met die meerkeusevrae en die ander vrae wat slegs beantwoord kon word deur 'n antwoord te kies deur 'n merkie in 'n blokkie te maak. Sodoende kon hulle dus hul totaal vir die vraestel opstoot. Spelling en skryfwyse is deurgaans nie in ag geneem by die beoordeling van die antwoorde nie, mits dit duidelik was dat die kandidaat wel die gelese teks op die kasset verstaan het.

**Kommentaar op spesifieke vrae en afdelings**

***Afdeling 1***

*Oefening 1*

**Vrae 1 tot 6**

Die kandidate het oor die algemeen nie goed gevaar in hierdie afdeling nie, aangesien hulle in sinne moes antwoord. Dit was soms duidelik dat hulle nie die voorlesing op die band begryp het nie, want antwoorde het dikwels geen sin gemaak nie (byvoorbeeld "bruinpapiersap" in plaas van "bruinpapiersak"). 'n Groot aantal kandidate het by **Vraag 2 (a)** se antwoord die jaartal 1967 bygevoeg, wat onnodig is, maar hulle is nie daarvoor gepenaliseer nie. Baie het die jaartal verkeerd geskryf as 1976, wat wys dat hulle nie die korrekte skryfwyse van getalle in Afrikaans ken nie. Talle kandidate het 16 jaar as antwoord gegee in plaas van 15, wat ook daarop dui dat hulle nie noukeurig geluister het nie.

***Afdeling 2***

Kandidate het hierdie vrae beter beantwoord as die vrae in ***Afdeling 1***.

*Oefening 1*

**Vraag 7**

Hoewel hulle vir luisterbegrip nie vir spelling gepenaliseer word nie, mits 'n woord herkenbaar is, is dit tog kommerwekkend dat soveel nie die getal 9 as 'n woord korrek kan spel nie. Sommige kandidate het ook verkeerdelik 91 en 19 geskryf in plaas van 9.

**Vrae 8 tot 13**

Hierdie waar-en-onwaar-vrae is oor die algemeen goed beantwoord. Baie kandidate het egter gemeen dat Toronto in die Verenigde State van Amerika is.

**Vrae 14 tot 18**

Kandidate moet daarop gewys word dat hulle alle vrae moet beantwoord. Soms laat persone 'n antwoord uit omdat hulle nie 'n keuse kon maak uit wat hulle gehoor het nie. In so 'n geval moet hulle maar raai. Hulle kan slegs wen daardeur, want die vraestel word nie negatief nagesien nie en hulle kan nie punte verloor as hulle 'n verkeerde blokkie merk nie.

www.PapaCambridge.com

***Afdeling 3***

**Vrae 19 tot 24**

Hierdie afdeling is grotendeels onbevredigend beantwoord. Baie swak kandidate het geen punte hiervoor behaal nie. Die spelling in antwoorde het veel te wense oorgelaat, alhoewel, soos reeds genoem, dit nie in ag geneem word nie. Dit bly egter steurend dat dit blyk dat die meeste kandidate weinig benul het van die skryfwyse van lang konsonante, vokale en diftonge het nie, alhoewel Afrikaans 'n fonetiese spelwyse het en 'n mens meestal sulke spelfoute sal kan uitskakel as jy basiese reëls toepas en weet hoe die woord uitgespreek word. "Waaiers" was byna deurgaans "wyers", "warm" is geskryf as "wurm", "spoel" as "spool" en "weggooikinders" was "veggooikinders".

**Paper 0548/04**

**Listening (Extended)**

**<u>Algemene kommentaar</u>**

'n Aansienlike persentasie van die kandidate het hulle goed van hul taak gekwyt en baie goeie punte vir die vraestel behaal. Dit is verblydend dat 'n aantal volpunte behaal het en dat heelwat ander slegs een of twee punte verloor het.

Die kandidate wat nie bevredigend presteer het nie, moet probeer om hul luistervaardighede te verbeter deur meer na gesproke Afrikaans te luister buite die klaskamer, waar hulle slegs na hul onderwyser luister, sodat hulle kan gewoond raak aan uitspraak en intonasie in outentieke gespreksituasies. Die leesspoed op hierdie kasset was oor die algemeen stadig en maklik om te volg.

Hoewel taal- en spelfoute nie in ag geneem is by die nasien van die vrae nie (solank die woord of antwoord herkenbaar is en toon dat die kandidaat die teks gevolg en verstaan het), is dit tog kommerwekkend dat talle kandidate sukkel om dit wat hulle gehoor het, in sinne of sinsnedes weer te gee. Waar in sinne geantwoord moes word, is byvoorbeeld dikwels slegs twee uit 'n moontlike agt punte behaal. Spelling bly steeds 'n groot probleem. Kennis van die spelling van vokaalklanke is gebrekkig en moet aandag kry.

Punte is nie toegeken as dit duidelik geblyk het dat 'n kandidaat bloot op papegaaiwyse neerskryf wat hulle dink hy of sy gehoor het, maar wat geen betekenis het nie, byvoorbeeld: "Want hulle vrede, natuurlike mense", wanneer die teks soos volg gelui het: "Hulle is van nature vreedsame mense".

**<u>Kommentaar oor spesifieke vrae</u>**

***Afdeling 1***

*Oefening 1*

**Vrae 1 tot 6**

Oor die algemeen het die kandidate ***Afdeling 1*** moeilik gevind. By **Vraag 1** het sommige kandidate die fout begaan deur "halfsewe" te skryf. Die antwoord is "halfag(t) ". By **Vraag 2 (a)** het persone soms die dag van die week en maand foutiewelik as antwoord gegee, terwyl die jaartal gevra is. By laasgenoemde is die syfers in die getal dikwels omgedraai en is 1976 geskryf, in plaas van 1967. Hierdie kandidate het waarskynlik reg gehoor, maar was nie in staat om dit korrek neer te skryf nie.

www.PapaCambridge.com

***Afdeling 2***

*Oefening 1*

**Vraag 7**

Leerders het oor die algemeen goed gevaar met hierdie vraag. Spelling is nie gepenaliseer nie. Slegs uitmuntende kandidate kon die woord "positief" spel en "gesondheid" is ook meestal verkeerd gespel, hoewel dit herkenbaar was.

*Oefening 1*

**Vrae 8 tot 13**

Hierdie vrae is baie goed beantwoord. Kandidate het gebaat by die waar-en-onwaar-vrae waar hulle slegs 'n regmerkie in 'n blokkie moes maak. Hierdie vraag het hulle gehelp om 'n bevredigende totaal vir die vraestel te behaal.

*Oefening 2*

**Vrae 14 tot 19**

Die kandidate het ook by hierdie meerkeusevrae gebaat en meestal slegs 'n paar punte, indien enige, verloor. Dit toon dat hulle die teks waarna hulle geluister het, goed verstaan en aandagtig geluister het. Dit was egter opvallend dat die meeste **Vraag 14** verkeerd beantwoord het.

***Afdeling 3***

*Oefening 1*

**Vrae 20 tot 25**

Die kandidate het oor die algemeen onbevredigend gevaar in hierdie oefening, aangesien hulle fyn moes luister vir die korrekte antwoorde en die antwoorde meestal in sinne of frases moes verskaf. Baie kandidate sukkel baie daarmee om dit wat hulle hoor op skrif weer te gee. Sommige het hierdie teks glad nie verstaan nie. Die kandidate wat volpunte vir hierdie oefening behaal het, verdien lof.

*Oefening 2*

**Vrae 26 tot 29**

Kandidate wie se luistervaardighede op standaard is, het hier goed gevaar, terwyl swakkeres klei getrap het. Die meeste het **Vraag 1** korrek beantwoord. Die ander vrae het meer vaardigheid en taalkennis vereis.